Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 12 Desember 1951. Prys 3d. Nr. 4.

# RHODESIESE PLAN TEEN AFRIKANERS SLAAG

**Tot watter mate die Suid-Rhodesiese regering daarin geslaag het om Afrikaners uit die kolonie te weer met behulp van sy jongste immigrasiemaatreëls wat sedert begin September in werking getree het, blyk uit die feit dat die tweede maand reeds 'n halvering van Suid-Afrikaanse immigrante openbaar.**

Nadat die Suid-Rhodesiese regering by monde selfs van sy eerste minister en andere in die afgelope paar jaar 'n groot vrees vir Afrikanerindringing geopenbaar het en die skroef geleidelik vaster gedraai is, is daar 'n paar maande gelede 'n nuwe maatreël aangeneem wat bepaal dat alle immigrante deur 'n keurraad in Salisbury goedgekeur moet word voordat hulle vir vaste verblyf in die gebied toegelaat sal word. **Die maatreël het in begin September in werking getree en vir daardie maand het die getalle van immigrante wat uit die Unie gekom het na 631 gedaal vergeleke met die 953 in Augustus.**

Gedurende Oktober het die syfer verder gedaal na 422, wat dus minder as die helfte van die Augustus-syfer is.

**Vir die eerste keer oor 'n lang tydperk het die immigrante uit Brittanje dié uit die Unie oortref toe daar in Oktober 503 Britse immigrante in Suid-Rhodesië aangekom het — slegs 94 minder as die Augustus-syfer.**

## VIR TWEE WEKE GEEN O.B.-BLAD

**Daar sal hierdie jaar nog net één uitgawe van Die O.B. verskyn, naamlik op 19 Desember.**

**Net soos in die verlede sal daar in die Kers- en Nuwejaarsweek geen blad uitgegee word nie, en ons eerste uitgawe ná 19 Desember verskyn dus eers op 9 Januarie.**

## S.A. Verliese Hoop Op in Korea

**Die Unie het al meer as £1,000,000 skade gely deur die afskiet of neerstorting van vliegtuie in die Koreaanse oorlog.** Die Mustang-vliegtuie waarmee die Suid-Afrikaners daar veg, kos £20,000 stuk, en hulle is al heeltemal verouderd in vergelyking met die Russiese M.I.G.-vliegtuie wat in die jongste tyd in toenemende getalle op die toneel verskyn. Daar word dus verwag dat die Unie binnekort ook tot die veel duurder spuitvliegtuie vir sy lugmanne in Korea sal oorslaan.

Daar is verlede week nog drie Suid-Afrikaanse ongevalle in Korea aangekondig. Twee, lt. P. I. Norman-Smith en lt. K. R. Whitehead is in 'n ongeluk gedood en kapt. A. M. O. Janse van Rensburg is vermis nadat sy vliegtuig in vlamme opgegaan het.

Dit bring die Suid-Afrikaanse mense-verliese in Korea nou op 26 te staan en die vliegtuie op 45.

# BAIE STAAN NOG BUITE NUWE PARTY

## Grootraad se Besluit Werp Lig op Vraag

**Noudat die stof wat oor die „samesmelting" van die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party of Volksparty opgeskop is, gaan lê het, het dit moontlik geword om te sien wat presies gebeur het, skryf ons politieke medewerker.**

**Dit is bo alle twyfel duidelik dat daar geen „samesmelting" plaasgevind het nie: die H.N.P. het eenvoudig die A.P. ingelyf. Daardeur het die A.P. van die toneel in Suid-Afrika verdwyn en het die H.N.P. alleen oorgebly as die enigste nasionaalgesinde politieke party. Die H.N.P. het terselfdertyd van die geleentheid gebruik gemaak om sy lompe benaming te verander na die eenvoudiger Nasionale Party.**

### GEES VAN HERTZOG

Met die vernietiging van die Afrikanerparty is die laaste reste van die gees en die gesindheid van wyle genl. Hertzog, wat jarelank 'n beslissende invloed op die nasionale partypolitiek uitgeoefen het, uitgewis. Miskien onherroepelik uitgewis. En aangesien die H.N.P. as die enigste nasionaalgesinde politieke party oorgebly het, het daardie gees en gesindheid in die nasionale partypolitiek geseëvier wat genl. Hertzog tot aan die end van sy lewe meedoënloos veroordeel het.

Ten aansien van die partymasjien, met ander woorde op die gebied van die partyorganisasie het die H.N.P. ongetwyfeld geseëvier. Hy het sy teenstanders almal plat geslaan, uitoorlê en ingelyf. **Maar het die H.N.P. daarin geslaag om sy gees en gesindheid deur alle nasionaalgesinde Afrikaners aanvaar te kry?** Dit is die vraag wat die „samesmelting" van die A.P. en die H.N.P. sou moes beantwoord. En dit is eintlik hierdie vraag wat nou beantwoord kan word nadat die stof wat deur die „samesmelting" opgeskop is gaan lê het.

### SLUIT NIE AAN NIE

**Die H.N.P. en sy hulpkragte het beslis nie daarin geslaag om alle nasionaalgesinde Afrikaners te oorreed om die gees en die gesindheid van die party te aanvaar nie.**

In die eerste instansie is die Afrikaners wat buite sowel die H.N.P. as die A.P. gestaan het,

(Vervolg op bls. 6, kol. 2.)

# EMPIRE GROEI TOT STEEDS GROTER EENHEID

## Konferensies Volg Mekaar In Toenemende Tempo Op

**Daar is verlede week uit Londen berig dat 'n uitnodiging van die Britse regering aan al die dominiums se eerste ministers om 'n konferensie in Februarie in Londen by te woon met die oog op die skepping van kanale van nouer samewerking tussen Statebondslande, deur al die premiers aangeneem is behalwe Nehru wat laat weet het dat die Indiese verkiesing dit vir hom onmoontlik maak om daardie tyd sy land te verlaat. Blykbaar sal hy 'n plaasvervanger stuur.**

**Soos voorheen in Die O.B. beklemtoon, is die huidige metode van onderlinge raadpleging in die Britse Statebond van veel groter waarde vanuit imperialistiese oogpunt beskou as toe Londen 'n veel direkter gesag oor die kolonies uitgeoefen het, en omdat hierdie samewerking op „vrywillige" grondslag berus, is dit veel hegter as wat die Empire ooit geken het. Dit is daarom moeilik om te dink dat Churchill iets in die plek daarvan kan stel wat die Statebond tot 'n nog groter eenheid sal saamsnoer.**

Sedert die begin van hierdie eeu was dit die taktiek van die Britse Imperialisme om groter formele vryheid aan die onderhorige kolonies te gee en daardeur die welwillendheid van die koloniale volke vir Brittanje te wen. Die dwang van voorheen moet dus plek maak vir liefde en vriendskap — 'n veel sterker band dus. **In die plek van die „Koloniale Kantoor" in Londen moes dan kom Statebondskonferensies onder voorsitterskap van Britse ministers. Daar sal dus geen knellende bande meer wees nie en die regerings van die dominiums kan dan aan hul volke voorhou dat hulle „volkome onafhanklik" is en vry is om te eniger tyd uit die Statebond te tree. Hierdie papiervryheid stel die onderworpe volke so tevrede dat hulle uiteindelik ook nie eens meer aandring op die gebruikmaking van die reg om uit te tree nie. Solank hul regte net nie ingekort word nie, solank hulle dit in belang van hul lande beskou om lid van die Statebond te bly, solank bly hulle ewe gedienstig hul „vrywillige" samewerking aan Londen verleen.**

### STEEDS NOUER

Die tempo van die Empire-konferensies het dan ook in die jongste tyd geweldig toegeneem. Vroeër jare is daar af en toe 'n Empire-konferensie van eerste ministers gehou. Dit was 'n groot seldsaamheid, maar sedert die oorlog is daar telkemale konferensies ook van ander ministers, hoofsaaklik van verdediging, ekonomiese sake en finansies in Londen gehou. **So pas byvoorbeeld het min. Eric Louw teruggekeer van 'n Empire-konferensie, en min. Havenga gaan in Januarie na Londen vir 'n Empire-konferensie van ministers van finansies, en die maand daarop vertrek dr. Malan weer vir 'n premierskonferensie van die Empire.**

**Op hierdie wyse is die Britse Statebond dus besig om heeltemal van karakter te verander. Dit is nie meer 'n organisasie van losstaande state nie, maar dit word 'n lewende eenheid (organisme) wat al meer 'n gemeenskaplike bloedsomloop en asemhaling ontwikkel.**

### BEVESTIG

Trouens, dit is presies wat dr. Malan daarvan gesê het hoe hy in 1949 uit Londen teruggekeer het. Volgens Hansard No. 15, kol. 5683 het dr. Malan hom as volg daaroor in die parlement uitgelaat by die geleentheid:

„Die meeste van ons het in ons jong dae hier gewoon onder die heerskappy van 'n Ryk, die Britse Ryk. Dit beteken dat die besturende mag uitgegaan het van dié sentrum — die sentrum oorsee. Die res in die Ryk was onderworpe aan die wil en heerskappy van daardie een magsentrum. **Maar ons het in ons dae gesien hoedat die Britse Ryk omgeskep is langs vreedsame konstitusionele weg tot iets anders, tot 'n gemeenskap — sover dit die dominiums betref— van vrye onafhanklike volke wat met mekaar deur sekere bande geassosieer geword is, maar waar die een nie wat sy binne- of buitelandse sake betref, onderworpe aan die ander is nie. Die Britse Ryk het tot so 'n mate aanpassingsvermoë gehad, dat hy homself omgeskep het tot feitlik iets nuuts.**

### „ORGANISME"

„Daardie selfde aanpassingsvermoë aan nuwe omstandighede in 'n veranderde wêreld is ook nou weer geopenbaar geword hier by die konferensie en by die besluit wat hier nou geneem is. **Dit is dikwels gesê — ek dink my agb. vriend daar aan die anderkant van die Huis (genl. Smuts) het dit dikwels in baie sterker woorde beklemtoon — dat die Britse Ryk nie 'n organisasie is nie, of daar is is nie so iets soos 'n Britse Ryk nie behalwe Engeland en sy kolonies; maar die Statebond is nie 'n organisasie nie — dit is 'n lewende organisme; en 'n lewende organisme kan nie bly lewe as hy nie aanpassingsvermoë na nuwe omstandighede het nie. En die feit dat die Statebond ook nou weer getoon het 'n aanpassingsvermoë te hê, en getoon het dat hy nie 'n organisasie is nie maar 'n organisme, het gemaak dat hy kon lewe en bly lewe in die verlede. Dit maak dat hy kan bly lewe vandag . . .**

„Met ander woorde, laat ek dit so uitdruk: **As die bande wat bind losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees."** Tot sover dr. Malan.

**Elke Empire-konferensie bevestig die beslaglegging op die gees van die onderhorige volke, en daarom betrag die O.B. die treurende ministeriële verkeer na Londen met groot besorgdheid as blyke van toenemende beslaglegging op die gees van ons volk.**

## Britse Beleid Maak Hul Mak Vir Republiek

**„Ons wil dit duidelik aan u stel dat ons dit in 'n groot mate sou verkies om deur 'n blanke republiek in Suid-Afrika oorheers te word as deur 'n swart dominium van die Weskus-tipe in die noorde," het „ordentlike en redelike" blankes in S.-Rhodesië onlangs aan mnr. Roy Welensky, leier van die gekose lede in die Noord-Rhodesiese wetgewende raad, gesê.**

Mnr. Welensky het hierdie verklaring gedoen toe hy die gewese Britse minister van kolonies daarvan beskuldig het dat hy 'n wig tussen die blankes en nie-blankes van Noord-Rhodesië probeer indryf. Hy het gesê dat hy twyfel of federasie van die Midde-Afrikaanse gebiede benader sal word van 'n grondslag wat die bevolkings van die gebiede tot die grootste voordeel sal strek.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 12 DESEMBER 1951

# DIE INDIËRS IN S.A.

Die jaarlikse toneel van die Unie van Suid-Afrika in die beskuldigingbank voor die V.V.O. op aanklag van Indië oor die behandeling van die sogenaamde Suid-Afrikaanse Indiërs word tans weer in Parys afgespeel. Die verhoor sou verlede week al begin het, maar is uitgestel omdat Indië nie 'n onderbreking wou gehad het deur die Duitse aangeleentheid wat ook verlede week te berde gebring is nie.

Van die kant van die Unie-regering is in die verlede heelwat moeite gedoen om die beskuldigings te weerlê, en die argument is al dikwels gebruik dat indien die behandeling van Indiërs hier so onmenslik is, hoe is dit dan moontlik dat die Unie te kampe het met onwettige Indiër-immigrasie en dat byna geen gebruik gemaak word van die stelsel van staatsondersteunde repatriasie na Indië nie? **Dit het geblyk dat daar oor 'n tydperk van drie jaar (1946 tot 1948) 50 Indiërs ons land op wettige wyse binnegekom het vir elke enkele Indiër wat gerepatrieer is.**

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Indiese inmenging in Suid-Afrika se sake geskied het op aandrang van die Suid-Afrikaase Indiërgemeenskap. Deur hierdie stap het die Indiërs hulself onthef van enige aanspraak op Suid-Afrikaanse burgerskap en het hulle getoon dat hulle na byna 100 jaar nog steeds na Indië opsien as hul moederland. Dit is dan ook verstaanbaar dat die grootste meerderheid blankes saamstem dat die enigste oplossing van die Indiërvraagstuk in massa-repatriasie geleë is. Dit was die bevinding van 'n parlementêre komitee verlede jaar en was ook die standpunt selfs van wyle genl. Smuts, soos 'n paar maande voor sy dood teenoor 'n Indiese koerant uitgespreek.

## IMPERIALISTIESE SPEERPUNT

As daar van owerheidsweë oorgegaan wil word tot massa-repatriasie in medewerking met die Indiese regering is dit so goed as seker dat hierdie medewerking nooit in huidige omstandighede verkry sal word nie. **Indië beskou die 600,000 Indiërs in Suid- en Oos-Afrika as 'n voorpos vir sy imperialistiese oogmerke wat saam met sy nasionale ontwaking tot openbaring begin kom. Intussen is die Indiërs besig om teen 'n vyfjaarlikse koers van 26 persent te vermeerder in vergelyking met die blanke vermeerdering van slegs 6 persent en die naturelle-aanwas van 7 persent. Waar daar in 1891 nog maar 42,000 Indiërs in die Unie was tel hulle vandag 360,000. Teen hierdie tempo sal die Indiërbevolking binne tien jaar op meer as 500,000 staan. Dit moet duidelik wees dat daar in sulke omstandighede nie 'n dag langer gewag kan word met die verwydering van die Indiërs uit ons midde nie.**

Maar gaan die Staat hierin die voortou neem? Dit lyk ongelukkig nie so nie. Daar word nog maar steeds voortgegaan met die drupsgewyse repatriasie wat boonop nog die reg aan die Indiër gee om na een jaar terug te keer na die Unie as hy nie so baie van sy moederland hou nie.

Klaarblyklik moet die volk self stappe doen om hom teen die Asiatiese bedreiging te beveilig, en daarom is dit baie jammer dat die nasionale politieke partyleiers 'n tydjie gelede die Blanke Beskermingsbond tot vyand verklaar het omdat hy dan op die partye se „terrein" sou gekom het — 'n stap wat tot die ontbinding van die organisasie gelei het. Die volk sal moet georganiseer word tot 'n bolwerk teen Indiër-indringing en die algemene rigting wat die Blanke Beskermingsbond ingeslaan het, was ongetwyfeld aanbevelenswaardig.

## GROOT BOTSING LÊ VOOR

Ons is nie voorstanders van geweld of haataanblasing nie, maar die koers van die Indiërs in die jongste tyd stuur af op 'n rassebotsing in Suidelike Afrika wat met elke jaar in felheid en omvang gaan toeneem. Iets sal moet gedoen word om die Indiërs tot vrywillige repatriasie aan te moedig indien die Staat agterweë bly met gedwonge repatriasie. Die blanke en inheemse nie-blanke elemente in ons land sal georganiseer moet word tot 'n verenigde front wat op vreedsame wyse die Indiër se indringing sal weerstaan en dit vir hom veral ekonomies baie onaantreklik in ons land sal maak. Waar die Indiërs vandag hul posisie grootliks handhaaf deur die rol van middelman te speel en 'n gevoelige bydrae tot die hoë lewenskoste lewer — soos verlede week nog weereens geblyk het uit berigte omtrent Indiër-handelskombinasies op die Johannesburgse produktemark — kan optrede met soveel groter doeltreffendheid georganiseer word.

Mens beveel nie graag iets in die rigting van ekonomiese boikot aan nie, maar dit gaan nie hier om blote mededinging tussen groepe nie. **Ons het te doen met 'n kwaadaardige speerpunt van 500 miljoen Oosterlinge, en waar die moderne veroweringsproses die tegniek van die vyfde kolonne volg, is dit gerade dat met die ekonomiese oorlogvoering begin word op 'n tydstip wanneer daar nog hoop op welslae bestaan. Ons kan die oë nie sluit vir die feit dat Oos en Wes klaarblyklik nie bestem is vir eenheid nie, maar tot botsing, en wee daardie Westerse land wat in hierdie eeu van die moltegniek van oorlogvoering met 'n deel van die Ooste in sy skoot sit.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Een Hoofstad vir die Unie?*

Ek lees in die koerante dat daar weer heelwat publisiteit verleen word aan die agitasie om aan Pretoria die addisionele status van wetgewende hoofstad van die Unie te gee. Op die huidige stadium is Pretoria die uitvoerende hoofstad en Kaapstad is die wetgewende hoofstad. Omdat die stelsel van twee hoofstede in die praktyk groot onkoste en beslommernis meebring — behalwe die parlementslede en hul vroue verhuis daar jaarliks 'n hele leërskare van amptenare met hul parafernalia uit Pretoria na Kaapstad — word daar geagiteer dat die Unie een hoofstad moet hê waarin die wetgewing sowel as die uitvoering behartig kan word.

Persoonlik dink ek dat daar baie sterk argumente ten gunste van een hoofstad aangevoer kan word.

Die hoofstad-kwessie is, myns insiens, van tweeledige aard. In die eerste instansie moet die beginsel — een of twee hoofstede vir die Unie — beslis word. Tweedens, en nadat die beginsel beslis is, moet die setel van die hoofstad bepaal word.

### *Vier Alternatiewe Setels*

Dit kom my voor dat die voorstanders van een hoofstad hul saak verbrou omdat hulle die twee aspekte van die hoofstad-kwessie gesamentlik behandel instede van eers die een af te handel en dan die ander een aan te pak. Sover ek kan agterkom gaan die huidige agitasie van die standpunt uit dat die Unie een hoofstad moet hê en dat daardie hoofstad Pretoria moet wees.

Persoonlik stem ek saam dat die Unie een hoofstad moet hê maar ek is nie seker dat daardie hoofstad Pretoria moet wees nie. Ek is oortuig daarvan dat eenstemmigheid bereik kan word oor die beginsel van een hoofstad vir die Unie. Maar dit word glad nie algemeen aanvaar dat Pretoria daardie hoofstad moet wees nie.

Ek sal vier alternatiewe setels vir die Unie se hoofstad noem:

### *Die Stad van Kruger*

Eerstens, Pretoria. Die stad mag sy aanspraak grond op die feit dat hy reeds die setel van uitvoering is. Indien die stad ook wetgewende hoofstad word, sal daar addisionele geboue opgerig moet word om die parlement te huisves. Bowendien is die ruimte in die Unie-gebou reeds te min om al die ministers en hul departemente te huisves en derhalwe sal daar noodgedwonge in die nabye toekoms ook nog addisionele administratiewe geboue opgerig moet word. Dit beteken dat die bevordering van Pretoria tot die Unie se enigste hoofstad groot boukoste sal meebring.

Pretoria kan ook aanvoer dat hy die stad van Paul Kruger is en die hoofstad was van die groot Boere-republiek benoorde die Oranjerivier. Hierdie feite het ongetwyfeld groot sentimentele waarde vir baie Afrikaners. Daarenteen het 'n Afrikaner soos wyle genl. Hertzog verklaar dat Pretoria nooit die hoofstad van die Unie kan word nie omdat hy te naby aan Johannesburg geleë is. Die generaal het seker die kommersiële gees van die goudstad in gedagte gehad wat na die omliggende dele uitstraal en hulle onvermydelik moet beïnvloed.

Pretoria kan miskien ook aanvoer dat hy in die verre noorde van die Unie geleë is; dat die Unie se hinterland die nog verdere noorde is; en dat hy derhalwe 'n baie geskikte kontakpunt is. Maar is Pretoria nie juis daarom minder bevoegd om die tipiese Unie-stempel af te druk nie?

### *Die Moederstad*

Tweedens, Kaapstad. Kaapstad mag weer sy aanspraak grond op die feit dat hy reeds die setel van die wetgewing is. Indien Kaapstad die hoofstad word sal daar groot geboue opgerig moet word om die amptenare — die land se uitvoering — te huisves en die bestaande parlementshuise sal bes moontlik opgeknap en vergroot moet word. Maar dieselfde, net andersom, geld ook vir Pretoria. Dit maak nie saak of die keuse van hoofstad op Pretoria of Kaapstad val nie; in albei van die stede sal groot bouprogramme uitgevoer moet word.

Kaapstad is Suid-Afrika se moederstad. Dit is die eerste stad wat die blankes in ons vaderland aangelê het en vanuit Kaapstad het die blankes en hulle beskawing oor die hele land versprei. Dit ly geen twyfel nie dat hierdie unieke historiese agtergrond kragtige steun verleen aan Kaapstad se aanspraak om as hoofstad van Suid-Afrika erken te word.

Kaapstad en die Boland wat die wieg van Suid-Afrika se beskawing was, is vandag nog die bakermat van Suid-Afrika se tradisies. In die Kaap, waar drie eeue se smart en vreugde, 'n behoudende en ewewigtige atmosfeer geskep het, is ons wetgewers onderhewig aan besinnende invloede wat hulle onvermydelik moet help om nie 'n voortvarende stempel op Suid-Afrika af te druk nie.

Dit is ongelukkig waar dat Kaapstad en die Boland met die verloop van jare van mekaar weggedryf het. Die Boland het Kaaps gebly maar Kaapstad het ontaard in 'n tipies Britse kosmopolitaanse hawestad. Ek weet nie of die geestelike skade wat Kaapstad hierdeur gely het herstel kan word nie. Miskien tog wel.

### *Die Middelstad*

Derdens, Bloemfontein. Bloemfontein mag sy aanspraak om hoofstad van Suid-Afrika te word grond op sy sentrale ligging. Daar is baie voordele verbonde aan 'n sentraal-geleë hoofstad en daarom mag Bloemfontein se aanspraak nie sommer ligtelik afgemaak word nie. Dit is egter waar dat Bloemfontein nie presies in die middel van die vier provinsies wat Unie vorm, geleë is nie.

As daarby rekening gehou word met die ontwikkeling dat Suidwes vir alle praktiese doeleindes reeds die vyfde provinsie van die Unie is en dat die drie Britse protektorate — Betsjoeanaland, Swasiland en Basoetoland — in die nabye toekoms ook deel van die Unie sal moet word, dan is Bloemfontein beslis nie in die middel van Suid-Afrika geleë nie. Die sentrale punt sal dan iewers in die Kalahari wees. En as ons 'n hoofstad wil hê wat presies in die middel van ons land geleë is, sal ons waarskynlik moet wag totdat Kaapland se O.B.-leier, dr. Van Zyl, die verlore stad in die Kalahari gevind het!

Die westelike deel van Suid-Afrika is egter hoofsaaklik woestyngebiede en gevolglik baie yl bevolk. Derhalwe sal die geografiese sentrale punt van Suid-Afrika heelwat ooswaarts moet verskuif om die praktiese sentrale punt te vind. As gevolg van hierdie verskuiwing sal Bloemfontein ongetwyfeld as middelstad in aanmerking geneem moet word.

Indien Bloemfontein die Unie se hoofstad word sal daar natuurlik sowel parlementshuise as administratiewe geboue opgerig moet word om die politici en die amptenare te huisves.

### *'n Nuwe Funksionele Hoofstad*

Hen slotte gaan ek die vierde alternatief behandel, nl. dat een van die kleiner dorpies in die land uitgekies word vir totale omskepping tot Suid-Afrika se hoofstad; of dat selfs 'n nuwe stad uit die grond uit aangelê word.

Die Australiërs het laasgenoemde weg gekies. Hul hoofstad, Canberra, het op die kaal vlaktes verrys ooreenkomstig doelmatige beplanning om in al die vereistes van 'n hoofstad te voorsien.

Die Verenigde State van Amerika het destyds Washington gekies as hul hoofstad. Die stad se enigste funksie is om die setel van die sentrale wetgewende en uitvoerende gesag van die V.S.A. te wees; m.a.w. om hoofstad te wees. Washington word direk deur die Amerikaanse regering bestuur — nie deur 'n burgemeester en 'n stadsraad nie. Trouens die stad is wettiglik glad nie deel van een van die samestellende state van die V.S.A. nie. Dit is die sentrale regering se grondgebied. En wat meer is, die inwoners van Washington het ook nie die stemreg nie — die stad is die herberg en sy inwoners die onpartydige gashere en gasvroue van die Amerikaanse regering en kongres.

Ek het geen behoefte om voor te stel dat die inwoners van Suid-Afrika se hoofstad nie die stemreg moet hê nie. Ek vertel maar net wat die feite is ten aansien van die V.S.A. se hoofstad en sy inwoners.

Dit is betekenisvol dat die „jong" lande van die wêreld reeds die voorbeeld gestel het om 'n „nuwe" hoofstad op te rig wat beplan word en bestem is om uitsluitlik die setel van die land se wetgewende en uitvoerende gesag te wees.

Moet Suid-Afrika nie hierdie voorbeeld volg nie?

Dit sal doeltreffendheid in die hand werk. Dit sal provinsiale naywer uitskakel. En les bes, die behuisingsnood in Pretoria en Kaapstad sal mos geweldig verlig word as politici en die amptenare na 'n nuwe hoofstad verwyder word. Dit maar terloops.

Ek gee die gedagte dat 'n geskikte dorp uitgekies word en omgebou word tot hoofstad van Suid-Afrika gratis aan die regering vir ernstige oorweging.

### *Kaapland se Engelstalige Motors*

Terwyl ons nou die moontlikheid oorweeg om ons land se twee hoofstede te vervang met een, wil ek die wenk aan die hand doen dat die Kaaplandse motor-registrasieletter „C" 'n Afrikaanse maat „K" kry.

Waarom moet Kaapland se motors dan almal Engels-eentalig op die paaie verskyn?

Wanneer die letter „C" die eerste letter op die nommerplaat van 'n motor is, is dit 'n aanduiding dat die betrokke motor 'n voertuig van die „Cape Province" is. Waarom mag Afrikaners dan nie die letter „K" op hul nommerplate laat aanbring om aan te toon dat hulle motor in Kaapland — en nie in die

(Vervolg op bls. 3, kol. 1.)

# GENERAAL MacARTHUR SE BELEID TRIOMFEER

**Op die oomblik toe die wêreldpolitiek in die Westerse beskawing sowel as in die Ooste in 'n toestand van verwarring verkeer, bedank generaal Marshall as Amerikaanse minister van verdediging.**

**Die Westerse moondhede probeer op dieselfde tydstip (12.9.'51) om 'n bietjie order in die warboel van die politieke idees te bring. Die Ooste, wat deur die bedanking van Marshall, 'n bedreiging vir hul politiek sien, maak hom gereed vir alle gebeurlikhede.**

**Die wêreld was verbaas dat generaal Marshall wat aan die Truman-kwartet (Truman-Acheson-Eisenhower-Marshall) behoort het, so plotseling bedank het. Uit die amptelike briewewisseling tussen Marshall en Truman kan 'n mens niks wys word omtrent wat nou die eintlike rede vir die bedanking was nie.**

Maar snaaks genoeg, dit was Marshall persoonlik wat by 'n perskonferensie die geheimsinnige aangeleentheid opgeklaar het. Hy het met nadruk verklaar dat sy bedanking geensins met siekte iets te doen hêt nie, maar wel was dit persoonlike beweegredes wat hom genoodsaak het om te bedank. Generaal Marshall het natuurlik nie gesê wat die rede is nie maar uit sy gesprek het die persmanne afgelei waarom hy bedank het.

Sedert maande het president Truman tot die gevolgtrekking gekom dat Amerika se Acheson-Marshall-politiek in Oos-Asië verkeerd was en dat die stuurrat in die Asië-politiek omgedraai moet word.

**Die ommeswaai van die Asië-politiek is van Truman afgedwing deur die feit dat die politieke ontwikkeling in Asië heeltemal anders uitgeloop het as wat Acheson en Marshall gedink het.**

Op dieselfde dag toe Truman genl. MacArthur ontslaan het, het die moeilikheid al begin. Reeds by die onderhandeling voor die MacArthur-komitee het Truman MacArthur se politiek oor Formosa moes aanvaar.

### DADE VOLG

Om die gewig van die eerste neerlaag te verklein het die Truman-kwartet generaal Bradley voorgestuur. Die leser sal sekerlik onthou toe Bradley in die openbaar verklaar het:

„Ons moet nie op 'n verkeerde plek en teen 'n verkeerde vyand veg nie."

**Maar daar is nie so 'n ding dat iemand 'n blywende politiek met mooi woorde kan voer as daar nie feite agter die mooi woorde is nie. En so was dit ook in die geval van Bradley.**

Om Korea en in groter mate Sjina nie te verloor nie was Truman genoodsaak om 'n groot militêre kommissie onder genl. W. C. Chase met baie geld, wapens, kos en ander uitrusting na Formosa te stuur om Tsjiang Kaisjek te ondersteun. Dit was presies wat genl. MacArthur geëis het.

'n Rukkie gelede het ek 'n brief van 'n Duitse kolonel wat by Tsjiang aangesluit het, ontvang. Die kolonel skryf: „Hulle is hier en eet nie alleen ons kos uit die veldkombuis nie, maar hulle eet net soos mak duiwe uit ons hand . . . tye verander en so ook die mense . . . my enigste hoop is dat hulle Duitsland geregtig sal behandel dan sal alles reg kom."

*Deur Ski*

### STEM NOU TOE

Truman het sy Asië-politiek gewysig. Genl. MacArthur het altyd van Truman die toestemming geëis om die Noord-Koreaanse hawe Rushin te bombardeer. Hy het dit noodsaaklik beskou ten einde die rooi voorraadbasis te vernetig, **maar Truman het altyd geweier omlat die „expert" (deskundige) Acheson die plan nie goedgesind was nie.**

Die nuwe Amerikaanse opperbevelhebber, genl. Ridgeway, het dieselfde opinie oor Rushin as MacArthur en vir hom gee Truman wel die toestemming om Rushin te bombardeer.

Nie alleen op militêre gebied nie, maar ook in die politieke en ekonomiese sfere moet Truman vandag doen wat MacArthur altyd geëis het. So is daar op die oomblik 'n goeie halwe dosyn kommissies wat maarskalk Tsjiang Kaisjek en sy nasionale Sjinese leër op elke gebied help.

Daar is die E.C.A.-kommissie wat nie alleen stede en dorpe weer herstel en opbou nie maar die kommissie finansier ook Formosa se industrieë en veral die skeepvaart.

Die J.C.R.R.-kommissie het ten doel om akkerbou en veeteelt te help en te bevorder.

Die Amerikaanse prof. Chester Morrill, 'n finansiële deskundige, is adviseur vir die nasionale Sjinese regering op Formosa. Dr. Hadejinsky, 'n deskundige in stadsbestuur, het sy hoofkwartier in Faipek. Die hulp vir kinders kom van die UNICEF-kommissie.

### EINTLIKE REDE

In elk geval is die wysiging van die Amerikaanse politiek in Asië heeltemal 'n oorwinning vir genl. MacArthur. Genl. Marshall, wat in sy hele tyd as offisier en as amptenaar van sy regering net drie maal, vir 'n kort rukkie, in Sjina was, het hom as 'n deskundige ten opsigte van Asië beskou. Toe Truman sy politiek noodgedwonge verander, het Marshall daaroor kwaad geword en bedank.

**Buitendien is genl. Marshall 'n geswore vyand van genl. MacArthur omdat laasgenoemde 'n keer geweier het om Marshall te bevorder.**

En nou daag die vraag op wie sal die tweede wees wat die Truman-kwartet verlaat—Acheson of Eisenhower?

Genl. Eisenhower, wat in die Villa Saint Pierre in Marnes-la-Coquette naby Parys woon, weet nog nie wat hy wil hê nie.

**Die berigte wat Eisenhower in die laaste twee maande na Washington gestuur het, het Truman net so laat nadink as in die geval van Asië. Dit lyk of Truman nie meer na Baruch se fluisteringe luister nie en 'n eie politiek volg.**

### BARUCH SE HOOP

Eisenhower is op die politieke skaakbord van Amerika 'n kasteel van Baruch. Die Baruch-Roosevelt-Frankfurter-kliek wil glad nie dat Europa verdedig moet word nie. Gevolglik het genl. Eisenhower dan ook 'n nuwe plan opgestel wat die eerste verdedigingsline nie meer aan die Ryn en ook nie die Maginot-linie nie, maar wel die Pireneë stel. Eisenhower wil die linie Lisabon - Madrid - Rome-Athene-Ankara as verdedigingstrategie teenoor Rusland aanbeveel.

**Eisenhower se nuwe plan beteken niks anders nie as Baruch se plan van verraad teenoor Europa. Baruch wil sy plan verseker deur middel van Eisenhower óf as opperbevelhebber van die sogenaamde Europese leër óf as president van Amerika. 'n Rukkie gelede het „Ike" reeds die afgesante van Baruch ontvang en met hulle die saak van presidentskap van Amerika bespreek.**

### SLIM SET

Truman se wysiging van die Asië-politiek het nie alleen sy vriende en die Amerikaanse volk verbaas nie, maar ook die hele wêreld. Die raaisel oor Truman is glad nie so ingewikkeld as 'n mens Truman se posisie en sy karakter studeer nie. Truman wil nog 'n keer president word.

**Sedert maande probeer hy die Republikeinse Party onder leiding van senator Taft te splits.** Merkwaardig is dat hy sonder om van sy Demokratiese Party teenstand te ondervind die Republikein Dulles met die opstelling en uitvoering van die vredesverdrag met Japan belas het. As opvolger vir Marshall benoem hy B. Lovett — ook 'n Republikein en deelhebber aan die bank Brown Brothers en Harriman in New York.

Dulles en Lovett behoort albei aan die Republikeinse groep van Dewey, die goewerneur van New York. Dewey is 'n teenstander van senator Taft. **Truman probeer nou die Dewey-groep voor sy wa te span om aan die Amerikaanse volk te kan sê: „Sien julle, ek is 'n onafhanklike staatsman en 'n goeie patriot.**

Die set is nie sleg nie, selfs goed, maar Truman het genl. MacArthur en senator Taft onderskat. Genl. MacArthur het 'n paar weke gelede reeds tot die aanval oorgegaan. Op 'n massavergadering in Ohio het hy senator Taft onder rasende toejuiging van 25,000 mense as president van Amerika aanbeveel.

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

### BEGINSEL-VERSKILLE

Daar kan verwag word dat by die komende verkiesing in Amerika 'n meer prinsipiële debat oor Amerika se binne- en buitelandse politiek sal plaasvind, wat in sonderheid genl. MacArthur se verdienste is.

So het senator Bridges, die regterhand van Taft, 'n program oor buitelandse beleid bekendgemaak. Die program bevat 11 punte en ek herhaal hier 5 kernpunte wat vir ons belangrik is.

(4) Einde van die oorlog in Korea deur 'n oorwinning, of as dit nie moontlik is nie — terugtrekking.

(5) Ondersteuning van nasionale Sjina op Formosa.

(6) Toestemming vir Japan om sy eie verdedigingsmaatreëls te tref.

(8) Hulp vir Wes-Duitsland sodat hulle uit eie krag 'n bondgenoot in die stryd teen die Bolsjewisme kan wees.

(9) Spanje, Italië, Griekeland en Turkye moet as volwaardige lede in die veiligheidstelsel van Europa opgeneem word.

**Elke kenner van sake weet dat hierdie opgestelde punte die regte is om Wes-Europa te red en Oos-Europa vry te maak.**

## Van Die Os Op Die Esel

(Vervolg van bls. 2, kol. 5.)

„Cape Province" — geregistreer is nie?

A, nee, a, Suid-Afrika is mos 'n tweetalige land.

En bowendien. Het ons dan nie 'n „nasionale" regering aan bewind nie? En het Kaapland dan nie 'n „nasionale" administrateur gekry nie? Kan hulle dan nie toesien dat Afrikaans tot sy reg kom op die nommerplate van Kaapland se motors nie? Natuurlik kan hulle, as hulle wil.

Ek hoop regtig dat hierdie sakie gou-gou reggemaak sal word; of dat een of ander belangrike of onbelangrike persoon minstens 'n verklaring oor die saak sal uitreik.

Afrikaners in die noordelike provinsies is gelukkig. Die eerste letter van die naam van hul provinsies is dieselfde in Afrikaans sowel as in Engels. Indien dit nie die geval was nie, sou hulle bes moontlik, net soos die Afrikaners in Kaapland, ook in Engels-eentalige motors moes gery het.

# Boerejeug van Kaap hou Mooi Funksie

**'n Aangename afsluitingsfunksie vir die jaar is voorverlede Saterdagaand deur die Skiereilandse Boerejeug langs die Bloubergstrandpad gehou in die vorm van 'n braaivleis. Ongeveer 100 Boereseuns en -dogters en offisiere het die aand gesellig deurgebring rondom die kampvuur waar volkspele gehou, saamgesing en voordragte deur lede van die jeug gelewer is.**

Benewens musiek wat verskaf is deur 'n drieman-orkes is voordragte gelewer deur Rian Visse, Marie Tredoux, Mariana Smit, Wilma Holloway, Martha Basson, Direen Geldenhuys, Tys van der Merwe en Gunther Leidig (trekklavier). Die gesamentlike sang is gelei deur mej. A. Cloete (hfkomdte.) en Freddie Smuts.

Die Boerejeug was ook bly om weer na 'n lang afwesigheid weens siekte vir mev. Rita Hofmeyr, jeugkommandante van die Paarl, by hulle op 'n funksie te hê. Die Boerejeug-offisiere wat vir die reëling verantwoordelik was, mej. T. Cloete en mnr. A. H. Bredekamp (komdt.), verdien die dank van die beweging vir hul ywer en vlyt en die wyse waarop hulle nog steeds die belangstelling van die Skiereilandse jeug wakker hou.

## *Indiërs Wurg Durban*

'n Beroep op die handel om hul steun toe te sê aan die rasse-indelingsplan in Durban is deur mnr. R. Butcher, voorsitter van die Durbanse Kamer van Koophandel gedoen.

„Dit word al hoe waarskynliker dat Durban, as beheer nie toegepas word nie, in die nabye toekoms gestadiglik deur die Asiate verwurg en uiteindelik beheer sal word," het hy gesê.

## Koöperatiewe Motorherstel

Motoreienaars van Pretoria gaan 'n koöperasie stig. Die doel van die organisasie sal wees besparing vir sy lede — om die onkoste van reparasies af te dwing en die bes moontlike diens te verseker.

Hierdie tipe organisasie, wat in Swede en Denemarke met groot welslae bestaan, is al lank as 'n sterk gevoelde behoefte deur sekere kringe in die Unie bespreek.

Nou het 'n groepie persone die voortou geneem. Die stigterskomitee sal 'n koöperatiewe maatskappy floteer en registreer.

## *Koeëlvaste Onderhemp*

Koeëlvaste onderhemde word tans in Korea getoets. Die eerste vyftig is reeds op die proef gestel en binnekort sal 'n hele regiment daarmee voorsien word. Daar word verwag dat dit die aantal gesneuweldes met 50 tot 75 persent sal verminder.

Die borswering bestaan uit 'n onderhemp wat 8 pond weeg en is gemaak van nylon en veselglas wat met kunshars aanmekaar geheg is. Dit bedek die bors en maag en is in staat om enige koeël wat teen 'n snelheid van 1,000 tot 1,500 voet per sekonde beweeg, te keer.



**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

## BRILLE

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN**
**Besoek ons of skryf om besonderhede**

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die **politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**
**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

### Intekenvorm

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................***

***..........................vir die eerste..........................maande.***

***NAAM..........................***
**(Naam en Adres in Blokletters)**

***POSADRES..........................***

..........................

..........................

..........................

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Naturelle Word Blywend By Stede Ingeskakel

**Verlede week het die Minister van Naturellesake, dr. H. F. Verwoerd, 'n konferensie in Pretoria geopen waar die beplanning van naturelleplekke vir Pretoria en omgewing bespreek is. Die minister het van die geleentheid gebruik gemaak om 'n baie belangrike aankondiging te doen oor die permanente vestiging van naturelle in blanke gebiede.**

Die kerngedagte op die konferensie was dat naturellewoonplekke in die blanke gebiede voortaan op 'n grondslag van langtermyn-beplanning ingerig moet word. Dit beteken dat naturelle nie uit blanke gebiede verwyder word nie, maar inteendeel permanent (op grondslag van langtermyn - beplanning) daar gevestig word. Trouens, die minister wil vir hulle voorsiening maak ten opsigte van water, paaie, lig, ens. om die permanentheid van hulle verblyf in die blanke gebiede te beklemtoon. Ooreenkomstig hierdie beleid sal die duisende naturelle wat tans in blanke gebiede verkeer, met staatshulp, permanent daar gevestig word.

Dit is nie wat die meeste blankes onder „apartheid" verstaan nie.

Die Minister van Naturellesake het as 'n handleiding vir die verteenwoordigers op die konferensie voorgestel dat 'n gebied of gebiede naby 'n stad of omgewing aangedui moet word waarbinne alle naturellebehuising binne 'n gegewe tydperk aangepak moet word. Oor 'n tydperk van jare moet allengs in hierdie gebied voorsiening gemaak word vir treinvervoer, water, paaie, elektrifikasie en riolering.

In die spesifieke gebied sal plakkery nie belet word nie en sal naturelle toegelaat word om hulle eie huise op tradisionele styl te bou.

Die minister het verklaar dat hy besluite oor die terrein, rondom of naby blanke stede waar naturellewoonplekke ingerig moet word ooreenkomstig 'n sleutelplan wil neem. Hy het gesê:

Die enigste metode is dat 'n gebied (of gebiede) naby elke groot stad en omgewing aangedui word waarbinne verklaar word dat die naturellebehuising binne die volgende halfeeu geplaas moet word. Binne hierdie gebied moet die toekomstige ontwikkeling geskied.

**die Fagan-verslag en is aanvaar deur die Verenigde Party. Dit is die enigste praktiese beleid wat rekening hou met die bestaande werklikheid. Niemand sal die regering kritiseer omdat hy dit aanvaar het nie, as die regering nie voorgee dat hy dit nie gedoen het nie.**

### „VERSTANDIG"

„Dr. Verwoerd het nou soos 'n verstandige en eerlike man sommige van die praktiese vereistes vir hierdie beleid van integrasie uiteengesit. Hy wil hê dat munisipaliteite naby elke stad 'n woonstreek moet afsonder wat deur die naturelle bewoon kan word soos hulle toeneem vir die volgende vyftig jaar. Hy wil hê dat die munisipaliteite hierdie woonstreke moet voorsien eers van water, dan van paaie, dan sanitasie en ligte en eindelik van huise.

„Dit is die dinge waarvoor die naturelle altyd gevra het en hierdie selfde dinge word jarelank al bepleit deur verligte deskundiges."

## Begeerte Na Eie Taal

Die wetgewende raad van die Amerikaanse staat Massachusetts sal 'n wetsontwerp behandel wat vra dat die taal van die Verenigde State nie „Engels" is nie, maar „Amerikaans."

Die wetsontwerp is deur J. B Nordgren ingedien en dit beoog verder dat die „Engelse Grammatika-boeke" verander moet word na „Amerikaanse Grammatika-boeke" vir die skole.

Die Amerikaners beskou dit reeds lankal dat wat hulle praat „Amerikaans" is en nie „Engels" nie en hulle is dan ook besonder trots op wat hulle beskou hul „digterlike talent" is, soos geopenbaar in hul uitdrukkingsryke spreekwyse.

**Hierdie verskynsel, naamlik dat selfstandige volke na 'n eie taal soek, het reeds Engelssprekendes in ons land tot die oortuiging laat kom dat die toekomstige taal van Suid-Afrika Afrikaans sal wees.**

## Kommentaar van Engelse Pers

Na aanleiding van dr. Verwoerd se verklaring skryf die Cape Argus soos volg:

„Sommige van die vereistes vir die nuwe beleid van integrasie van die naturelle in die stadshuishouding, wat nou die plek ingeneem het van die regering se eertydse drome oor apartheid, is behandel deur dr. Verwoerd tydens 'n beplanningskonferensie in Pretoria.

**„Die beleid wat mnr. Schoeman en dr. Verwoerd tans nastreef is integrasie van die naturel in die stadshuishouding. Hierdie beleid is uiteengesit in**

## Rooies Versprei Gerug Oor Pontecorvo

Nadat Intelligence Digest 'n paar maande gelede berig het dat die Russe onder leiding van prof. Pontecorvo, die atoomdeskundige wat uit Brittanje na Rusland weggeloop het, teen aanstaande Julie hul eerste waterstofbom sou ontplof, het die Russe — of vriende van Pontecorvo — die gerug versprei dat Pontecorvo deur die Sowjetregering in hegtenis geneem is.

Intelligence Digest verklaar dat hierdie gerug 'n kommunistiese slenter is om die aandag van Pontecorvo se uiters belangrike werk af te trek. Die blad merk op dat diegene in Brittanje wat met Pontecorvo in voeling was voor sy vlug uit Brittanje tans senuweeagtig is omdat hulle 'n deurtastende ondersoek van die Churchill-regering verwag.

### DIE KATYNMOORD

(Vervolg van bls. 6, kol. 3.)

**die regering te stuur. Dit het egter verdwyn en nie die regering bereik nie.** Geen haan het weer daarna gekraai nie tot vyf jaar later toe die leër kol. Van Vliet gevra het om weer 'n verslag op te stel. Van Vliet se gevolgtrekking is: **„Ek glo dat die Russe dit gedoen het. Ek het die Duitsers gehaat en wou hulle nie glo nie. Ek het geweet dat die Duitsers hul bes sou doen om my wys te maak dat die Russe dit gedoen het . . . Dit was slegs met die grootste teensin dat ek uiteindelik besluit het dat dit wel waar was."**

Ook ander Amerikaanse offisiere wat die graf gaan ondersoek het het met Van Vliet saamgestem en daarop gewys dat die Poolse offisiere in pelsjaste en warm klere gekleed was, wat geskik was vir Smolensk se koue lente en nie vir Augustus nie — die tyd wat die Russe beweer die Duitsers die moord in 1941 sou gepleeg het.

Ten slotte verklaar Time dat daar nog 11,000 Poolse offisiere spoorloos in Rusland verdwyn het, en dat die Russe blykbaar hul houvas op Pole lank vooruit beplan het. **Vandag heers die Russiese leër oor Pole terwyl die grootste deel van die Poolse leërleiding uitgeroei is.**

## REG EN VERKEERD IN PARTYPOLITICI SE OË

### Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stoffberg, skryf:**

Na aanleiding van mnr. H. P. Wassermann se brief in u uitgawe van 21 November wil ek net sê dat ek nie glo die partypolitici enige ag op sy brief sal slaan nie, maar die dinge waarvan hy meld, staan aangeteken en as die Regter eendag 'n antwoord sal eis, sal hulle geen verskonings kan aanvoer nie.

Dit is 'n eienskap van partyregerings om die ding wat hulle self doen te beskou as reg, maar wat die ander man doen is verkeerd. So was dit reg van Engeland om ander volke te verower, maar toe Hitler 'n deel van Pole wou verower, was dit verkeerd, want dit was nie, „ek of my maat" wat dit gedoen het nie. Toe Rusland ook 'n deel van Pole verower, was dit weer reg, want toe was dit „my maat." Nou is Rusland nie meer maat nie en is die dinge wat hy doen weer verkeerd.

In ons eie land sien ons dieselfde. Toe Smuts in die buiteland gaan ooglogvoer het, het Malan en Havenga gesê hy doen verkeerd, maar nou dat hulle aan bewind is, gaan hulle ook in die buiteland help oorlogvoer en is dit weer reg.

Intussen dring die partypolitiek oral in om verdeeldheid te bring, selfs in die kerk is hy aktief. Onenigheid is die lewensbron van die partypolitiek. Toon my een enkele partyregering waar die volk oor groot vraagstukke verenig is. Ons het nou vir meer as veertig jaar die een partyregering na die ander, maar ons vraagstukke is verder van 'n oplossing as ooit tevore. In plek van die „beter wêreld" wat die partypolitici belowe het, het ons vandag 'n wêreld met stygende lewenskoste na 'n peil waar niemand weet dit sal eindig nie, 'n wêreld waar klaar gemaak word vir nog 'n oorlog, 'n wêreld wat verdeel is in twee groepe — Oos en Wes. In die ou tyd het die mense nog die verstand gehad om na 'n oorlog vrede te maak; vandag het hulle dit nie — net groter kennis om oorlog te maak.

# SUID-AFRIKAANSE GRONDSLAG VIR ONS REPUBLIEK HET AL BESTAAN

**Wanneer ons dink aan ons toekomstige republiek word met reg die vraag gestel: Watter soort republiek ons as ideaal stel? Hierop kan net een antwoord wees: 'n Republiek met 'n eie Suid-Afrikaanse staatstelsel soos geopenbaar in die republieke van die Oranje-Vrystaat en die Transvaal. Hierdie republieke is gebore uit die groot Afrikanervolksbeweging, die Groot Trek, het hulle eie grondwet en staatsvorm gehad en is finaal gelikwideer op 31 Mei 1902, skryf mnr. A. J. van Rooy in die Aprilnommer van Koers.**

**Nou kan daar wel geredeneer word dat hierdie republieke demokraties was, dat die Unie van Suid-Afrika vandag 'n demokratiese grondwet het en dat ons dus vanself die regte soort republiek sal hê indien die Goewerneur-generaal deur die volk gekies en „President" genoem word. Dit is egter 'n uiters oppervlakkige beskouing en dit sal bepaald die moeite loon om 'n nadere ondersoek in te stel na die grondwet van die „Zuid-Afrikaansche Republiek" van 1882—1902. Moontlik mag dit ons duideliker riglyne vir die toekoms verskaf.**

Die staatshoof was die President wat direk deur die stemgeregtigde burgers verkies is vir 'n tydperk van vyf jaar. Die grondwet van 1858 het die uitvoerende gesag opgedra aan 'n Uitvoerende Raad wat bestaan het uit die President, Kommandant-Generaal, twee stemgeregtigde burgers en 'n sekretaris.

Die Kommandant-generaal is direk deur die stemgeregtigde burgers gekies vir 'n termyn wat van tyd tot tyd verander is maar in 1896 finaal op vyf jaar vasgestel is. Die twee burgerlede is deur die Volksraad gekies vir 'n tydperk van drie jaar en die Sekretaris vir 'n tydperk van vier jaar.

### GEEN KABINET

**Hierdie Uitvoerende Raad was iets heeltemal anders as die kabinet van Engeland, die Unie en die ander lande van die Statebond. Die vernaamste verskil is die feit dat die Uitvoerende Raad onafhanklik was van die Volksraad in die opsig dat niemand terselfdertyd lid van die Uitvoerende Raad en die Volksraad kon wees nie. Toe byv. die Volksraadslid van Pretoria, Wolmarans, verkies is tot lid van die Uitvoerende Raad, moes hy bedank as lid van die Volksraad, en iemand anders is in sy plek gekies. Dr. Leyds was nooit lid van die Volksraad nie, maar wel lid van die Uitvoerende Raad.**

### GEEN PARTYSTELSEL

Hierdie wyse van samestelling van die Uitvoerende Raad het meegebring dat alhoewel daar een tyd allerhande „partye" was soos die „Transvaal National Union," „South African League" en 'n liberaal-progressiewe seksie onder die Boere self, daar van 'n partystelsel, soos vandag by ons bekend, geen sprake was nie. Daar was geen Eerste Minister en geen Leier van die Opposisie nie. **Geen „party" kon ooit 'n „regering" saamstel nie — te meer daar die grondwet duidelik bepaal het dat die volkswil en nie die van 'n politieke magsgroep nie ten alle tye die deurslag moes gee.**

Verder was die Uitvoerende Raad eintlik 'n soort „binnekabinet." Dit was 'n klein liggaam wat die regeringsbeleid vasgelê het. Departementshoofde soos ds. S. J. du Toit (superintendent van onderwys), die mynsuperintendent, die naturellesuperintendent, die staatsprokureur ens. het die vergaderings bygewoon wanneer sake wat hulle besondere afdelings geraak het behandel is.

### KRUGER SE BELEID

Daar was later 'n sterk agitasie dat ministers aangestel sou word, wat direk aan die Volksraad verantwoordelik is. President Kruger het hom egter sterk hierteen verset omdat dit teen sy staatsopvatting was.

Die wetgewende mag het by die Volksraad, wat deur die stemgeregtigde burgers gekies is volgens die beginsel van vrye verkiesing, berus. Wat onder „vrye verkiesing" verstaan is, is deur staatspresident Kruger duidelik beklemtoon in 1894 tydens die bespreking oor die afskaffing van verkiesingskomitees. Die volgende is genotuleer:

„Z.H.Ed. de Staatspresident zeide het onbetwistbaar was men van die Verkiesings Comite's ondervinding had. Een echt Republikeinsch beginsel was het Volk heeft de Koningstem en eene vrye stem is God's stem en wanneer **men Comite's oprichtte ging men niet alleen tegen den mensch, doch tegen God's stem en bracht een ban op het land, en wat zou daarvan worden. Indien men op eene of andere wyze overgehaald werd te stemmen, was dat geen vrye verkiezing — door die Comite's werden er partyschappen gevormd."**

### PARTYE IN KIEM GESMOOR

**Wet nr. 3, 1894, art. 9, het gevolglik die optree van verkiesingskomitees onwettig gemaak. In 1895 wou sommige volksraadslede nog verder gaan, die bestaan van politieke verenigings totaal verbied en bepaal dat lede van sodanige verenigings nie amptenare of volksraadslede mag word nie. Mettertyd het dit tog geblyk dat die wet van 1894 effektief was, en was daar baie minder klagtes oor die wyse waarop verkiesings gehou is.**

Vanaf 1873 is Volksraadslede vir vier jaar gekies en moes die helfte van die lede om die twee jaar aftree.

In 1890 het daar 'n belangrike verandering in die Grondwet gekom. Die nuwe wet het bepaal dat die wetgewende mag by 'n volksverteenwoordiging wat uit 'n Eerste en 'n Tweede Volksraad bestaan berus het. Die aantal lede sou dieselfde vir die twee rade wees, nl. 24, maar die Eerste Volksraad was die hoogste gesag van die staat.

### BAIE BELANGRIKE BEGINSEL

Die vereistes vir stemreg is so neergelê dat feitlik net die ou gevestigde burgers van die land lede kon word van die Eerste Volksraad, terwyl die Uitlanders veel vroeër vir die Tweede Volksraad kon stem en ook daarvan lede word.

**Die belangrikheid van hierdie Tweede Volksraad is in die verlede dikwels onderskat omdat dit altyd direk in verband gebring is met die uitlander-agitasie vir meerdere stemreg.** Aangesien dit nie die agitasie laat ophou het nie, word hierdie Tweede Volksraad beskou as 'n mislukking — as iets wat op sy beste 'n vyfde wiel aan die wa was.

**Tog het hierdie Tweede Volksraad 'n baie belangrike rol gespeel. Die Eerste Volksraad het, weens die strenge stemregbepalings, feitlik uitsluitlik uit boerende Boere bestaan. Die nuwe toestand het egter ingewikkelde myn- en nywerheidswetgewing vereis—iets waaroor die lede van die Eerste Volksraad nie met gesag kon praat nie. In die Tweede Volksraad kon egter heel gou van die nuwe intrekkers sitting neem en so hulle bydrae lewer tot hierdie deel van die wetgewing van die land.**

### BETER AS SENAAT

Dat dit werklik die geval was blyk uit die volgende kommentaar van The Star van 28 Augustus 1896: „Taking the work of the session as a whole, however, it may be said the second Raad has justified its existence, and has given proof that with fuller powers it would be capable of doing much good work."

Hierdie Tweede Volksraad het dus beslis 'n gunstige indruk gemaak. Selfs vyandige koerante het gemeen dat dit met meer mag meer goeie werk kan doen. **Dit vergelyk baie goed met die Senaat van vandag, wat al hoe minder mag kry sodat dit minder kwaad kan doen.**

**Waar Suid-Afrika vandag in die midde van groot nywerheidsontwikkeling staan sou dit goed wees as die Senaat vervang kan word deur 'n wetgewende liggaam wat bestaan uit deskundiges. Dalk sou 'n moderne Tweede Volksraad saamgestel kon word deur beroeps- en belangeverteenwoordiging, soos byvoorbeeld al reeds die geval is met die direksie van die Nasionale Finansieskorporasie.**

### EISE VIR REPUBLIEK

Om op te som moet 'n Suid-Afrikaanse republiek die volgende eienskappe hê indien dit op Suid-Afrikaanse lees geskoei moet wees:

**Ten eerste moet die staatshoof 'n president wees, gekies deur die volk vir 'n vasgestelde termyn. Hy moet regeer met behulp van 'n uitvoerende raad, wat onafhanklik sal wees van die volksraad.**

**Wanneer die wetgewende mag eventueel na Pretoria verskuif word, moet tog sorg gedra word dat die nuwe volksraadsgebou volgens Suid-Afrikaanse tradisie ingerig word en nie weer 'n slaafse nabootsing van die Britse House of Commons nie. Die tafels moet in konsentriese halfsirkels om die voorsitterstoel geplaas word soos dit in die ou Zuid-Afrikaansche Republiek die geval was. Daar moet geen Regering-Opposisie-opstelling in slagorde wees nie.**

**Ten slotte moet die volksraad die hoërhuis wees en moet bygestaan word deur 'n tweede volksraad van deskundiges, saamgestel deur beroepsverteenwoordiging of enige ander wyse wat die beoogde resultaat lewer. Hierdie stelsel sal aanvaarbaar wees en is trouens ook die enigste wat hier sal deug omdat dit op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het.**

**'n Republiek met 'n president, „speaker," eerste minister, opposisieleier, „sergeant-at-arms" en „gentleman-usher of the black rod" is 'n staat wat op vreemde lees geskoei is en dus geheel en al verwerplik.**

Sen. A. M. Conroy, gewese minister van lande in die Smuts-kabinet, is verlede Vrydag na 'n lang siekbed oorlede. Hy is op sy plaas Koppieskraal, in die distrik Koffiefontein, begrawe.

# NUWE BLAAS UIT STUKKIE

'n Nuwe snykundige tegniek waardeur 'n gesonde blaas in die plek gestel kan word van een wat deur kanker aangetas is, is deur dr. Elmer Hess, 'n Amerikaanse blaasdeskundige, beskryf.

Wanneer iemand se blaas weens kanker verwyder word, word 'n gesonde stukkie daarvan tregtervormig in die plek van die aangetaste deel vasgewerk. In 'n paar maande groei die deeltjie tot 'n nuwe volmaak en funksionerende blaas.

# Kerk Verkoop Wenke aan Wedders

**Die Rooms-Katolieke kerk in Stourbridge, Engeland, het 'n nuwe metode uitgedink om geld in te samel vir 'n Roomse skool — hy verkoop wenke vir perdereisies.**

Die kerk gebruik 'n plaaslike dokter wat baie goed op die hoogte is met perdereisies om die voorspellings te doen. Sy wedderskring het binne een week van 1,000 tot 7,000 aangegroei. Die fooi van 1/- per week wat die wedders betaal, word in die kerk se skoolfonds gestort.

# Reuse-Wins In Handel

**Ten spyte van die stygende lewenskoste is daar nog groot handelsondernemings wat fantastiese winste maak soos blyk uit die jongste jaarverslag van die O.K.-basaars.**

**Verlede jaar se totale wins was £1,401,037 en vanjaar het dit gestyg tot £1,663,903. Nadat voorsiening vir belasting gemaak is het nog £1,217,499 oorgebly vir verdeling.**

**Vergelyk dit met die wins van £450,960 in 1949 en £382,553 in 1947. In vyf jaar het die handelsmaatskappy se winste dus meer as verdriedubbel terwyl die lewenskoste in dié tyd met ongeveer 25 persent gestyg het.**

# WIL INSEKTE NOU OOK MET SIEKTE BEKAMP

**Groter aandag word in die jongste tyd deur navorsers gegee aan die metode om insekteplae met behulp van siekte te bestry. In die landbou-navorsingslaboratoriums van Cambridge word tans proefnemings gedoen met 'n virus wat die eienskap het dat dit kristalle in die liggame van insekte veroorsaak wat hulle laat vrek. Dit is oorplantbaar op miere, bye, perdebye, skoenlappers en motte, en tas die insekte net in hul larwestadiums aan. Daar word gemeen dat die virus in die vorm van die kristalle versprei kan word om te dien as 'n bestryder van insekteplae in die landbou.**

Ook in Kanada is 'n virus ontdek wat die wurms aanval wat die plantasies wat vir papierproduksie gekweek word, verniel. 'n Beweging is nou aan die gang om hierdie metode van insektebestryding algemeen te maak vir landboudoeleindes.

Die metode om insekte met ander insekte te bestry word al geruime tyd toegepas en is veral in Amerika ver gevorderd. In Suid-Afrika word vir die afgelope paar jaar ook van hierdie metode gebruik gemaak in die bestryding van die karoowurm wat groot verwoesting aan bossies veroorsaak. In hierdie geval is 'n soort perdeby uit Amerika ingevoer wat die wurm uitroei deurdat die wyfie haar eiers in die moteiers lê. Wanneer die wurms uitbroei, vreet die klein perdebytjies hulle van binne af op. Bemoedigende resultate is reeds behaal, hoewel dit nog te vroeg is om te sien of dit die wurmplaag heeltemal sal uitroei. Die perdebye word deur die insektekundige afdeling van die departement van landbou in Pretoria geteel en aan boere verskaf wat dit dan in hul veld los.

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS

Beperk

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

# STEL NOU ONDERSOEK IN NA KATYNMOORD

**Met die inleidende opmerking dat „sedert die skandalige verhaal van Duitsers wat die hande van Belgiese kinders afgekap het tydens die Eerste Wêreldoorlog, het die burgers van die Verenigde State gruwelverhale met 'n lofwaardige wantroue gelees," berig die Amerikaanse weekblad Time dat daar tans 'n ondersoek deur die Kongres ingestel word na die „byna vergete" Katyn-slagting. Die blad haal die getuienis van Amerikaanse offisiere aan wat teen hul sin erken dat die massamoord op die Poolse offisiere wel deur die Russe gepleeg was en nie deur die Duitsers nie. Wat die blad egter nie meld nie is dat die Duitse oorlogsleiers in Neurenberg tereg gestaan het onder meer op aanklag van die massamoord van Katyn en dat die Amerikaanse regering wel die besoedelde woord van die Russe aanvaar het ten spyte van die „lofwaardige wantroue" van Amerikaanse burgers.**

Wat meer is, die voormalige Poolse eerste minister, Micolajczyk, wat 'n verbete vyand van die Duitsers was, het in sy verhaal van die massamoord 'n paar jaar gelede beklemtoon dat die Duitse dokumente in verband met die saak in die hande van die Amerikaanse leër geval het en dat daaruit ontwyfelbaar geblyk het dat die Russe die moordenaars was. Hy het verklaar dat die paaibeleid teenoor Rusland tot in die Neurenbergse hof voortgesit is deur hierdie Russiese misdaad ter wille van Stalin op die Duitse offisiere se skouers te plaas.

Nou berig Time dat Amerikaanse offisiere wat deur die Duitsers na die massagraf geneem is om self te sien, ná die oorlog verslae opgestel en aan die owerheid oorhandig het. Daar is nooit iets van die verslae weer verneem nie en eers vyf jaar later het die leërowerheid die betrokke offisiere genader om weer 'n verslag op te stel — dit wil sê vier jaar nadat die Duitse leërhoofde reeds tereggestel was.

### WAT GEBEUR HET

Die verhaal van Katyn is kortliks dat die Duitsers in April 1943, na hul offensief teen die Russe aangekondig het dat hulle 'n massagraf naby Smolensk ontdek het waarin die lyke van ongeveer 4,000 Poolse offisiere gevind is, almal met hande agter die rug vasgebind en met skote in die agterkop. Die Duitsers het die Russe beskuldig dat dit die lyke van die Poolse offisiere is wat hulle in 1939 gevange geneem het. Die uitgeweke Poolse regering het die Internasionale Rooikruis versoek om op die plek te gaan ondersoek instel. Die Duitsers het toegestem, maar die Russe wou nie. Daarop het die Duitsers 'n kommissie van mediese deskundiges bestaande uit nie-Duitsers na die toneel gestuur asook geallieerde krygsgevangenes. Dit het geblyk dat geen briewe en koerante wat aan die lyke gevind is later as Mei 1940 gedateer was nie — dit wil sê 'n volle jaar voordat die Duitsers Rusland binnegeval het. Nietemin het die Russe die Duitsers van die moord beskuldig en die Geallieerdes het dit so aanvaar en selfs toegestem dat dit in die Neurenberg-aanklag teen die Duitse oorlogsleiers opgeneem en deur die Russe self as aanklaers in die hof gelees word.

### „WAARHEID"

Time berig voorts dat „gedurende die na-oorlogse tydperk van hartlikheid" tussen die Sowjet en die Weste die Russiese verhaal as die waarheid aanvaar is. Die Katyn-tragedie was so te sê vergete behalwe deur die Pole. Maar 'n aantal Amerikaanse Kongres m a n n e, daartoe beweeg deur hul Poolse kiesers en 'n komitee onder leiding van die voormalige Amerikaanse gesant in Pole, Arthur Bliss Lane, het volhard met 'n versoek dat die Katyn-gruwel herondersoek moes word. Hiertoe is verlede herfs deur die Kongres toegestem en 'n kommissie is aangestel onder leiding van Raymond Madden.

### OFFISIERE OORTUIG

Een van die eerste getuies wat hul genader het was lt.-kol. John van Vliet wat as krygsgevangene deur die Duitsers na Katyn geneem was. Hy het onmiddellik na sy vrylating aan die einde van die oorlog verslag gedoen aan die hoof van die intelligensie-afdeling. Dié het hom laat sweer om te swyg en onderneem om die verslag aan

(Vervolg op bls. 4, kol. 3.)

# Nie Aangesluit Nie

(Vervolg van bls. 1, kol. 5.)

nie deur die „samesmelting" in die kraal van die H.N.P. gelok nie.

In die tweede instansie het verreweg die meeste Afrikaners wat lede of ondersteuners van die A.P. was ook nie tot die geledere van die H.N.P. toegetree nie.

### VERONDERSTELLING VERKEERD

In die vroeë stadiums van die „samesmelting" het meeste mense van die veronderstelling uitgegaan dat al die lede van die A.P. wat nie lede van die O.B. is nie sowel as die meerderheid van die O.B.-lede van die A.P. by die nuwe N.P. sal aansluit. Hierdie veronderstelling het geblyk verkeerd te wees. **Slegs 'n onbeduidende persentasie van die O.B.-lede, wat meer as 90 persent van die A.P. se ledetal uitgemaak het, het by die nuwe politieke party aangesluit. Die hele res het eenvoudig in die Ossewabrandwag gebly. En 'n groot deel van die tradisionele Hertzog-volgelinge van die A.P., wat nooit lede van die O.B. was nie, het ook nie by die nuwe party aangesluit nie.**

Nog minder het mnr. Oswald Pirow en sy Nuwe Orde-volgelinge enige tekens hoegenaamd getoon dat hulle voornemens is om by die nuwe party aan te sluit. Inteendeel alle tekens dui daarop dat mnr. Pirow en diegene wat hom ondersteun nie lede van die party sal word nie.

### WATTER ROL?

Dit beteken dat 'n groot aantal nasionaalgesinde Afrikaners verkies om nog steeds buitekant die H.N.P. te staan — selfs al heet hy nou die Nasionale Party. Die waarheid is waarskynlik dat hierdie Afrikaners glad nie lid van 'n politieke party wil word nie — omdat hulle teen die partystelsel as sodanig gekant is.

**Die vraag wat vanselfsprekend ontstaan is: Watter rol gaan hierdie Afrikaners in die onmiddellike toekoms speel? Niemand weet nie, maar die Grootraad van die Ossewabrandwag het op sy jongste sitting 'n belangwekkende en betekenisvolle antwoord op hierdie vraag gegee. Dit mag die voorspel tot belangrike veranderings in die politieke patroon van ons land wees.**

### HERVORMINGS

Benewens die besluite dat die Ossewabrandwag, soos in die verlede, sal voortgaan as volksbeweging om buitekant en bokant die partypolitiek te veg vir die omskepping van die Suid-Afrikaanse koninkryk tot 'n republiek buitekant die Britse Statebond; en vir die hervorming van die koninkryk se partystelsel van regering tot die republiek se stelsel van volks- en beroepsregering, het die Grootraad ook besluit dat **die Ossewabrandwag in die toekoms moet help met „die skepping van 'n front so breed as moontlik van persone en groepe wat bereid is om die partystelsel te verwerp, reeds vir die huidige staat."**

**Hierdeur het die Grootraad die Ossewabrandwag se seën uitgespreek oor 'n anti-partypolitieke front wat reeds in die huidige staat sal veg vir die deurvoering van dringende staatshervormings, meer bepaald die afskaffing van die partystelsel. Hierdie front sal sy stryd vroeër of later bes moontlik op die „parlementêre terreine moet voer, is gesaghebbend van O.B.-kant verklaar.**

### ANTI-PARTYPOLITIEKE FRONT

As mens nou in gedagte hou dat daar 'n groot aantal nasionaalgesinde Afrikaners is wat aan geen politieke party behoort nie; wat aan geen politieke party wil behoort nie; wat, trouens, glo dat die heil van hul land en hul volk juis geleë is in die afskaffing van die partystelsel, dan kry die opdrag van die Grootraad, dat die O.B. 'n anti-partypolitieke front moet help verwek, praktiese sin en betekenis.

**Dit ly derhalwe hoegenaamd geen twyfel nie dat die besluit van die Grootraad insake die oprigting van 'n anti-partypolitieke front 'n belangwekkende en betekenisvolle antwoord verteenwoordig op die vraag wat die talle Afrikaners in die onmiddellike toekoms gaan doen wat verplig is om ter wille van hulle oortuigings en opvattings buitekant die Nasionale Party te staan.**

### DUIDELIKHEID

Die leiers van die O.B. het nog geen verklaring gedoen oor die vordering wat met die skepping van die front gemaak word nie. Ek verwag ook nie dat hulle dit nou al sal doen nie. Tot nog toe is slegs verduidelikings van die Grootraad se beleid verstrek. Dit is verstaanbaar, want dit is nodig dat die lede en vriende van die O.B. presies sal weet wat beoog word. Hierdie voorligting moet gevolglik eers gegee word.

**Maar aanstaande jaar sal ons ongetwyfeld meer van hierdie hervormingsfront verneem.**

# REGTE IDEE, MAAR MOET UITGEVOER WORD — NOU

**Volgens 'n berig in Die Transvaler het mnr. J. G. Strydom, leier van die N.P. in Transvaal, in 'n toespraak verklaar: „Die blankedom in Suid-Afrika sal ten opsigte van die kleurvraagstuk 'n eenheidstandpunt moet ontwikkel wat voortdurend daarop gemik moet wees om al die koloniale regerings van die vasteland van Afrika te oortuig van die noodsaaklikheid van 'n eenvormige nieblanke beleid, indien die witman nie op hierdie donker kontinent wil ondergaan nie."**

Na aanleiding van hierdie verklaring het Die Transvaler in 'n hoofartikel geskryf dat 'n regering van die Unie sy plig versuim indien hy nie na so 'n eenvormige beleid wil streef nie.

Dit bly dus die taak van die Unie om die ander belanghebbende gebiede van 'n eenvormige beleid te oortuig en om hulle sover te kry dat hulle ook die gesonde beginsels van apartheid sal aanvaar. Alleen so sal die toekoms van die blanke gemeenskappe verseker kan word.

Die plig en die taak van die regering is duidelik gestel. Maar, wat omtrent die uitvoering daarvan?

### PRAKTIESE WENK

Die onderleier van die Ossewabrandwag het in sy jongste verklaring oor „die voorwaardes vir Suid-Afrika se deelname aan oorlog" die volgende praktiese wenk aan die hand gedoen om hierdie plig en taak uit te voer.

Hy het aangevoer dat Suid-Afrika as teenprestasie vir enige hulp deur hom verleen besliste eise ten opsigte van Afrika moet stel. Hy het die eise soos volg opgesom:

**(a) Nadat die gevaar van 'n swart oorheersing onder Russies-kommunistiese vlag afgeweer is, mag Afrika nie oorgelewer word aan 'n swart oorheersing onder die vaandel van Britse of Amerikaanse liberalisme nie.** Afrika moet beveilig word vir die blanke beskawing op die grondslag van ons tradisionele beleid van blanke voogdyskap. **En hierdie beveiliging moet vóór die oorlog en nie eers daarna deur die Grootmoondhede ten volle gewaarborg word.**

**Het die regering hierdie waarborg verkry?**

### VERDELING VAN AFRIKA

**(b) Suid-Afrika moet as die leidinggewende moondheid in Afrika erken word** en 'n beleid van blanke en nie-blanke state — dit wil sê die blywende verdeling van Afrika tussen blank en swart — moet ten volle erken word deur die leidende state van die Weste, en na die oorlog moet uitvoering aan hierdie gewaarborgde beleid gegee word. **Die tyd om eise oor die verdeling van Afrika te stel, is nou wanneer die hulp van Suid-Afrika nodig is, en nie eers later wanneer die wêreld weer veilig gemaak is vir nuwe of ou imperialismes nie.**

(c) Die oordrag van die Britse Protektorate binne en aan ons grens moet kragtens ons historiese en praktiese reg geskied voordat enige oorlogsverpligtinge deur Suid-Afrika uitgevoer word. Die tyd om eise te stel is nou dat Brittanje oor ons verleë is en nie eers later wanneer die gevare vir Brittanje gewyk het nie.

**Is hierdie eise deur ons regering gestel?**




KWV
*-Eau de Cologne*
*en -Laventel*
PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA
K96

NET 'N PAAR ITEMS
om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle grootte in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071